# Waarheen gestuur?

Filippense 2:5-11

## Inleiding

- Ons is besig om hierdie kwartaal te praat oor ***STUUR***
    - Die Vader wat Jesus en sy Gees na ons lewens gestuur het om ons syne te maak
    - En ons wat in Vanderbijl in gestuur is, om dit ook syne te maak

- Maar
    - in watter dele van my lewe
    - en watter dele van Vanderbijl
        - stel Jesus werklik belang om syne te maak.
    - Anders gestel
        - Is daar dele van jou lewe waarheen jy dink Jesus nie gestuur is nie?
        - Is daar kringe van jou lewe in Vanderbijl waar jy nie 'n gestuurde is nie?

    - 'n Ander manier om daaroor te dink is om te vra:
        - Stel Jesus net soveel belang in Braaivleis as in Bybelstudie?
    - ...is daar dus dinge en plekke wat 'minder' geestelik is
        - Waar jy nie 'n gestuurde is nie
        - en dan dinge wat 'meer' geestelik is.
            - Waar hy jou dan wel wil gebruik?

        - Is 'n kerkkamp meer geestelik as 'n rugbytoer?
        - Is dit meer geestelik om Sondag oor Jesus te praat as om by 'n vergadering oor projekte te praat.

- Kom ons lees nou saam uit Johannes 1:1-14 & Filippense 2:5-11
    - en sien hoe God gedink het oor geestelike en ongeestelike dinge...
    - oor Homself aan die een kant... en oor ons wêreld

**Hoe benader ons dan die lewe?**

- As ons hierdie dele lees ontdek ons:
- Dit wat geestelik is, het by dit wat ongeestelik is 'ingestap'.
    - Jesus het dit gedoen deur sy 'inkarnasie'.
    - Die woord inkarnasie [in-carne], beteken letterlik 'in-liggaam-gaan'.
    - Jesus is in alles van ons wêreld ingestuur om alles syne te maak van binne af.

- God het deur Jesus in die wêreld ingegaan
    - om die hele wêreld te laat ontdek aan wie dit eintlik behoort,
    - sodat die hele wêreld weer kan sê: "Jesus Christus is Here en só God kan eer" (vgl. Fil 2:10,11).
        - Dit beteken 'n erkenning dat Hy baas is oor alles.
        - Joh 1:11 sê hy het na sy eie "eiendom" wat Hy self gemaak het... toe gekom.

- Onthou verder, Jesus was so heilig as die lewende God dat dit vir Hom ewe vernederend was om
    - in 'n sinagoges besig te wees,
    - as om aan tafel te kuier met sondaars en prostitute.
        - Maar albei was ewe veel geestelike oomblikke
            - waardeur Hy lewe wou bring as die Koning.

- Kom ons sê dit vir mekaar: daar is dus nie 'twee' wêrelde nie.
    - Daar is één wêreld waarin Jesus as Koning gekom het.
    - En almal / alles in hierdie een wêreld is vir Hom belangrik.
        - Daarom is daar nêrens waar ek en jy nie 'n gestuurde is nie.

- En op dieselfde manier as wat God die Vader vir Jesus gestuur het om in die ***<u>hele wêreld</u>*** besig te wees,
    - stuur Jesus, jou! Luister nou na *Joh 20:21*

*21"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My* ***gestuur het, stuur*** *Ek julle ook."*

**Braaivleis én Bybelstudie?**

- Nou, 'n Tipiese Christen dink nie oor die algemeen dat
    - Jesus net Koning is oor 'n deeltjie van die wêreld nie,
    - of dat Hy net belangstel in 'n paar uur van jou dag nie

- Maar die probleem is dat baie Christene in Vanderbijl
    - tog prakties steeds hulle lewe verdeel tussen 'geestelike' dinge en 'ongeestelike / sekulêre' dinge.
        - Sekere dinge is belangrik vir God en het geestelike waarde,
        - terwyl ander dinge onbelangrik vir God is met min of geen geestelike waarde.

- Toets jouself nou met die vragie:
    - Watter een is meer 'geestelik', braaivleis Vrydagaand
    - of Bybelstudie Woensdagaand?

- As jy 'Bybelstudie' antwoord –

- deel jy eintlik Plato [Griekse filosoof 400 v.C] se manier van dink oor die wêreld
- waar gewone goeters nie geestelik kan wees nie
- die geestelike wêreld is 'n aparte wêreld

- As jy 'Braaivleis' antwoord –
  - deel jy eintlik 'n sosialistiese manier van dink
  - waar die belangrikste ding maar net is om saam as mense te wees en met mekaar te deel.

- Die Bybel se manier van dink:
  - Alles in die hele lewe behoort aan God en is geestelik
  - en waar dit nie besef word nie,
    - is sy gestuurdes heen gestuur om dit duidelik te maak
    - En dit verder so te geniet

- So Jesus ....stel nie belang in óf Bybelstudie óf Braaivleis nie,
  - dis Bybelstudie én Braaivleis.
  - Hy stuur nie net Bybelstudie toe nie... maar ook braaivleis toe.

**Verdeelde wêreld**

- Maar hoekom sit ons dan sou gou vas in 'n wêreld met twee dele?

- Wel, ons redeneer dalk dat
  - daar dinge is wat met die ewigheid te doen het en nader aan God se hart is as ander dinge.
    - Dis bv. jou verhouding met God, Bybel lees, bid, kerk toe gaan, evangelisasie, jou morele lewe en.... Bybelstudie.

- Dan is daar minder belangrike goeters wat tydelik is.
    - Dis bv. kuns, ekonomie, kultuur, sport en ....braaivleis.
        - Hierdie dinge, dink ons dan maklik is ongeestelik,
        - dis maar net nodig vir die wêreld om aan te gaan.
    - God het beter dinge vir Christene wat regtig toegewyd is aan Hom om te doen.

- Hierdie manier van dink is aanloklik vir verskillende redes:
    - Dis gerieflik en eenvoudig:
        - jy weet altyd waar jy staan – wanneer jy moet 'omgee' en wanneer jy nie hoef om te gee nie.
        - jy hoef nie regtig hard te dink oor besluite nie.
            - kan maar die grappie vertel by die braai
            - maar nie by die Bybelstudie nie
    - Jy kan dan sorg om genoeg besig te wees met die dinge wat jy dink punte tel vir God
        - en net sekere maak jy vermy die verkeerde goed
    - En dis dan ook maklik om te sien wie is goeie en slegte Christene
        - ...dis mos die hele ding waarmee die Fariseërs so goed was?

- **Maar, al sien jy nou die probleem van 'n verdeelde wêreld raak,**
    - **is dit so kultureel deel van wie ons is,**
    - **dat dit nog steeds op emosionele en praktiese vlak ons gedrag beheer.**

    - Bv - Op 'n Sondag oggend sal jy "Loof die Here op RSG luister
        - Maar dis eintlik al wanneer jy na liedjies luister met Jesus se naam in.
    - Jy voel dalk sleg om 'n erediens te mis
        - ...maar nie om 'n gemeente-ete te mis nie.

- Die Ds moet die troue doen waar julle ewige trou sweer
    - Maar by die onthaal dans almal op 'ek is 'n loslappie'

- **Ons lewe maklik in twee wêrelde, sonder om daaroor te dink,**
    - **Maar soos wat Jesus gestuur is vir my HELE wêreld**
    - **Is ons gestuur na ons hele wêreld.**

**Álles is vir God belangrik**

- Daar is nie 'n kubieke cm van jou bestaan en jou kringe waaroor Jesus nie Koning is nie,
    - wat nie 'geestelik' is nie,
    - want alles behoort aan God. Kyk net...

- **Ps. 50:8-13**

"[9]Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, [10]want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. [11]Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. [12]Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My.

- Eenvoudig gestel: 'Jy is lekker laf as jy dink jy bring iets om vir my te gee.
    - Jy 'wy' nou iets aan my toe.'
    - Of dit nou bokke is, of geld, of tyd... dis sýne!
        - Of jy nou jou tyd spandeer by Bybelstudie of braaivleis... dis Syne!

- 'n Ander voorbeeld:
    - As ons na 1 en 2 Korintiërs kyk sê Paulus dat hy nie met hulle kan praat as geestelike mense nie maar as mense van die vlees [vgl. 1Kor 3:1-9].
    - Wat beteken dit?

- Bid hulle nie genoeg nie, hou hulle nie Bybelstudie genoeg nie?

- Nee, hy praat met mense wat buitengewone wonderlike geestelike gawes beleef het [vgl. 1Kor 14].
- Maar hulle was ongeestelik omdat hulle met mekaar baklei het en geestelik met mekaar kompeteer het.
- Hulle sg geestelike goed was nie genoeg as hulle alles nie beïnvloed word nie!

- Kom ons kyk as vb nou na drie goed wat almal sal saamstem van die mees basies goeters is van ons bestaan:
  - Kos, werk en seksualiteit.

- In Romeine 14 word gepraat oor kos en hoe ons houding daaroor verband hou met God se eer [Rom 14:1-12; vgl. ook 1Kor 8,10].
  - T-bones en chips by Spur?
- In Efesiërs 6 word verduidelik dat die gewone werk wat jy elke dag doen gekoppel is aan jou verhouding met die Here.
  - Voorraadkontrole en vergaderings?
- 1 Kor 6 brei uit hoe ons God in ons seksualiteit eer of nie eer nie en hoe fenomenaal verbind dit is tot ons verhouding met God en sy Gees wat in ons bly.
  - 'n warm vry?

- Uiteindelik hoor ons in 1 Kor. 10 v31 "[31]Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God."

- Wat is die punt? Gewone goed maak saak!
  - Daar is nie 'geestelik' en 'ongeestelik' nie.
  - Alles is uit Jesus, alles is deur Jesus en alles is vir Jesus!
  - Daarom is Jesus gestuur na alles,

        - En stuur Hy ons na alles en almal waar ons kom in Vanderbijl

**Slot**

- 'n Verloste familie diensknegte is gestuur... na alles.
    - Die Here wat onmeetbaar lief is vir jou
    - is lief vir die hele jou en jou hele wêreld.
        - hoe jy of jou wêreld ook al mag lyk
        - Hy wil inkom, skoonmaak en heelmaak

    - Reg lewe is nie deur mooi te weet waar is die geestelike en die ongeestelike nie.
    - Hy roep jou om sy Koningskap in elke deel van jou lewe te erken en te ontdek
    - En om dan agter Hom aan orals in Vanderbijl in te lewe.

    - Daar is nie twee wêreld nie
        - dis Bybelstudie en Braaivleis

- Die lewende Jesus Christus verander sy dissipels se <u>*hele*</u> benadering tot hulle *hele* lewe...
    - En as sy dissipel is jy gestuur.

**Amen**

Griffel van Wyk
25 Oktober 2015
Trinitas